

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 213

(April 1987)

God het alles geskep uit niks

* * * * *

"Die hemel getuig van die mag van God,
Die uitspansel maak die werk van sy hande
bekend"

(Ps. 19:2)

Die Skepping

Ons leef en bly darem in 'n mooi land!

Niemand sal dit ontken nie! Dink maar aan die berge, die bosveld, die Karoo, die goue strande. Binne ons land het ons boonop so 'n ryke verskeidenheid van fauna en flora.

Maar dink 'n bietjie verder — Wat van die ganse wêreld? Die pragtige natuur wonders wat ons almal nou deur middel van T.V. kan sien. 'n Wêreld wat ons . . . *aarde* noem. Die Aarde deel van 'n sonnestelsel, deel van 'n heelal met miljoene sterre, planeete, komete, mane en asteroïdes.

. . .

WIE HET DIT ALLES GEMAAK?

Daaroor is baie teorieë. Daarop het baie mense al probeer antwoorde gee. Daar sal nog nuwe antwoorde kom, en nuwe teorieë sal nog ontstaan.

Maar die gelowige het op hierdie vraag ook 'n antwoord. Nie 'n teorieë nie! Nee, 'n definitiewe antwoord! GELOOFWAARDIG! Ons glo dat God alles geskape het. Die Bybel sê dit:

"In die begin het God die hemel en aarde geskape" (Gen. 1:1) Daarna volg die hele skeppingsgeskiedenis.

So volg die een dag op die ander. Elke dag het God nog iets gemaak, en elke dag het sy eie orde en plek. Die een volg op die ander! God het nie eerste die mens gemaak nie — want waar sou die mens woon? God het nie eers plante gemaak en daarna son en water nie — die plante sou nie kon bestaan nie.

Die skepping is soos 'n mooi boek wat die mens bladsy vir bladsy deur blaai en al wat ons kan sê is:

"As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en sterre wat U toe berei het . . ." (Ps. 8).

En hoe verder ons kyk sien ons:

"Die hemele vertel die eer van God en die uitpansel verkondig die werk van sy hande". (Ps. 19).

Dit is so, geagte Leser, u sal moet saamstem. Hierdie Skepping is 'n pragstuk. Onverbeterlik is dit wat God geskape het.

So het God u en my ook geskape. Ons bestaan is te danke aan God. Sou God nie bestaan het nie, sou ons ook nie bestaan het nie. God het die mens gemaak, en hy gun ons die vreugde van ons bestaan op aarde.

. . .

Die ganse skepping sien ons as 'n daad van God, niemand kan Hom dit eers in die geringste mate nadoen nie. Geen mens op aarde kon nog uit niks iets maak nie. Hoe slim en hoe ver gevorderd ons wetenskap en tegnologie ookal mag wees, kon niemand nog iets maak, sonder dat hy iets het nie.

God alleen het uit NIKS die hele skepping voortgebring.

Uit niks het Hy in sy almag alle dinge geskape.

. . .

U sal nou vra: Hoe het God al hierdie dinge geskape?

Die antwoord kry ons weer in die Bybel. Joh. 1:1-3:

"In die begin was die Woord en die Woord was by God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur HOM ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."

Deur die Woord het alles ontstaan. Hierdie "WOORD" is niemand anders as Jesus Christus nie. Jesus is die Woord wat vlees geword het.

In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op aarde is.

Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Lees maar Kol. 1:15 en 16.

Is dit 'n antwoord op jou vraag?

Die Here van hemel en aarde

- so ken ons Hom,
- so vertrou ons op Hom.
- Hy is dié Skepper.

God het alle dinge geskape

— maar onderhou dit ook!

Ds. Leo van Schaik

Die voorsienigheid van God

" . . . want deur Hom lewe ons, beweeg ons, en bestaan ons." (Hand.17:28).

In hierdie gebroke wêreld, met al sy ellende en onvolmaaktheid en bittere sondegevolge, is die mens dikwels die slagoffer van moedelse en desperate wanhoop.

Die wêreldgeskiedenis wat verby is, openbaar slegs matelose smart en leed.

Die hede rondom ons is 'n stormagtige wêreldsee wat bruis en raas in chaotiese verwarring.

Die toekoms word allerweë donkerder. Op die gesigseinder word die skrikwekkende gestalte van die Antichris al duideliker.

En die tipies menslike reaksie is om die Godsregering te betwyfel. Die alwyse Godsbestuur word ontken.

Ook die gelowige ervaar die tydsomstandighede met nugtere realisme. Ook die gelowige sien die puinhoop en die chaos en die verworping en verwoesting.

Maar die gelowige sien ook meer as dit:

- Hy sien ook vir God.
- Hy sien ook sy almagtige werking in alles wat gebeur.
- Hy sien ook sy genadige voorsiening in elke omstandigheid.

Agter alles wat in hierdie wêreld leef en beweeg, agter alles wat ons ontvang en wat ons ontbeer, agter alle vreugde en smart —

— sien ons vir God.

Ons sien Hom as die Skepper en Formeerder van alle dinge. Ons sien Hom as dié God wat alles onderhou en regeer.

"Deur Hom lewe ons, beweeg ons, en bestaan ons." — só het Paulus vir die mense in Athene gesê.

En ondanks die verskriklike werklikheid,

ondanks die onsekere toekoms wat voor ons lê, bely die gelowige met oortuiging:

Ek glo in God wat deur sy voorsienigheid alle dinge onderhou en regeer.

God het nie aan sy skepping 'n onafhanklike bestaan gegee nie. Nee, van oomblik tot oomblik hou Hy alles in stand. Hy bestee voortdurend sy goddelike aandag daaraan. Deur sy almagtige en alomteenwoordige krag dra en versorg Hy alles wat bestaan.

Alles en almal hier op aarde dien gewillig of onwillig die doel wat God in sy ewige raad bepaal het.

En hierdie belydenis bring rus en kalmte in die hart, ook in 'n wêreld met soveel wisselvalligheid en ontreddeing.

Ons is nie aan 'n onsekere toeval oorgelewer nie,

- ons is nie prysgegee aan 'n wispelturige noodlot nie,
- dinge gebeur nie maar willekeurig nie,

want alles en almal staan onder God se alwyse regering, en vorm deel van 'n goddelike Raadsplan wat onstuitbaar deurgevoer word.

Die omvang van God se voorsienigheidsbestel is onbeperk en oneindig — niks kan daaraan onttrek word nie.

Dit gaan nie net oor die groot en opsienbarende wêreldgebeure nie, maar ook die alledaagse gang van die lewe, dié dinge waarmee ons elke dag te doen kry, is daarin begrepe.

Selfs die sonde gaan nie buite die Godsregering om nie. Alhoewel Hy nie die oorsaak daarvan is nie, regeer Hy dit só dat dit uiteindelik diensbaar is aan die bereiking van sy doel en die verheerliking van sy Naam.

En hoe moeilik ons dit ookal aanvaar, ook die beproewinge op ons lewensweg is deel van God se voorsienigheid.

Siekte en teëspoed en ellende en droefheid en rousmart kom nie maar toevallig oor ons nie, maar steeds uit die genadige Vaderhand van God, wat in sy alwysheid dit vir sy kinders ten beste beskik.

Die oortuigde belydenis van God se voorsienigheid, maak ons geduldig in tyd van teëspoed. Dit hou ons nederig en ootmoedig, en leer ons om uit te sien na die volmaaktheid wat kom. En deur ons geduld en volhardingskrag word sy Naam verheerlik.

Die ware voorsienigheidsgeloof maak ons ook dankbaar in tyd van voorspoed. Dit maak my offervaardig en diensbereid en gehoorsaam. Dit bring in my hart 'n bewuste strewe om elke dag die wil van die Here te doen.

Dit lê ook in my gemoed die vaste vertrouwe dat niks my kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie.

Want wie waarlik glo aan die voorsienigheid van God, en wie waarlik glo in die God van die voorsienigheid, dié persoon het, te midde van onstellende gebeure en groot beproewings, in sy hart slegs rustige onbesorgdheid en volle geloofsversekerdheid, want hy weet:

DIE HERE REGEER!

Ds. Pieter van der Walt.

Skepping van die mens: Hoekom?

In Genesis 1:26 lees ons die eerste keer van die skepping van die mens. Daar staan:

"Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens,

— as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers."

Oor die feit dat God mense skep — dat God lewe gee . . . DAAROOOR BESTAAN DAAR SEKERLIK BY NIEMAND ENIGE TWYFEL NIE. Die belangrikste vraag by baie mense (miskien ook by jou, geliefde Leser!) is:

- Wat is God se plan met jou?
- Hoekom het Hy mense Geskape?

Dat God my geskape het . . . natúúrlik — maar hoekom? Wat is sy doel en plan daarmee?

Kyk weer na Gen. 1:26. Daar gee die Bybel *drie* redes:

- Die mens is God se *vertteenwoordiger* op aarde . . . jy tree namens God op
- Die mens is God se *beeldraer* . . . jy maak soos God van jou vra
- Die mens is heerser oor God se skepping . . . jy is koning namens God.

Saamgevat: God skep die mens as sy *vertteenwoordiger* om as *konings* te heers volgens sy *beeld*, nl. in regverdigheid, heiligheid en wysheid! En wat gebeur? Satan slaan toe!

- Die mens is nie meer koning nie, maar slaaf van die sonde ...
- nie meer God se verteenwoordiger nie, maar dié van Satan ...
- nie meer regverdig nie, maar uitbouterig . . .
- nie meer heilig nie; maar moordenaar . . .
- nie meer wys nie, maar dwaas in sy nietigheid!

Ja, my vriend en vriendin . . . kyk net om jou rond . . .

— hoedat die mens die skepping verwoes, vuil mors, uitroei.

— hoedat die *mens maak wat hy wil met homself, sy besittings, sy gawes*

— hoedat die mens Godloos sy naaste uitbuit deur bedrog, oneerlikheid, moord.

Daarom moes Jesus Christus kom . . . om te herstel . . . om te herskep . . . om te heel wat gebreek is.

Is jy 'n Christen? 'n Navorger van Christus?

- Dan is jy God se verteenwoordiger. Paulus sê dit in 2 Kor. 5:20: "Ons tree op as *gesante* van Christus ..."
- Dan *is* jy beeldraer van God wat in die wysheid van die Bybel, in die heiligheid van die Heilige Gees en in regverdigheid om Christus wil vrygekoop is van sonde.
- Ja, dan *is* jy koning . . .
 - wat *moet* lewe . . . om dit te geniet
 - wat *mag* lewe . . . omdat God jou dit gun
 - wat *wil* lewe . . . tot eer van jou Skepper! Wat 'n genade: JY IS SKEPSEL VAN GOD!

Ds. Nico Ligthelm.

Die sondeval - God is nie die oorsaak van die sonde nie

Die Wet van God eis dat jy die Here jou God moet liefhê bo alles en jou naaste soos jouself. Hierdie eis bring tegelyk die ontstellende ontdekking: Geen mens op aarde kan die Wet van God ten volle onderhou nie. Ons is almal sondaars, van nature geneig om God en ons naaste te haat.

Dit word duidelik uitgespreek in Gods Woord deur die apostel Paulus (Rom. 3:12):

"Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie."

Vir die hoogmoedige sondaar is hierdie Godgegewe kennis 'n groot vernedering. Hy soek daarom altyd na 'n uitvlug. Adam het die skuld op Eva gewerp en Eva op die slang. Vandag gaan ons daarmee voort. As geen skepsel die sondeskuld meer kan dra nie word dit op byna goddelose wyse op God afgeskuif. By hedendaagse tereg wysings word dit dikwels gehoor:

"Los my, ek is so gemaak en so gelaat."

God is egter nie oorsaak van die sonde nie. Na die voltooiing van die hele skepping, ook nadat die mens geskape was, lees ons!

"Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed." (Gen. 1:31a).

Die mens is volmaak en goed geskape. Hy was in staat om in alles met die wil van God ooreen te kom, maar het hierdie uitnemendheid nie besef nie.

Dan volg die sondeval van die mens soos beskryf in Gen. 3 en wat in die volgende hoofpunte saamgevat kan word: Versoeking, gebodsoortreding, ontsettende verlies, diepe bederf en 'n volslae onmag ten goede.

Die versoeking het met fyne lis uitgegaan van Satan wat agter die slang geskuil het. Jesus Christus het hom gekarakteriseer as die "mense-moordenaar" van die begin af.

Die gebodsoortreding was net die proefgebod (Gen. 2:17). Adam en Eva is verbied om te eet van "die boom van kennis van goed en kwaad."

Satan begin toe deur twyfel te saai:

"Is dit ook so dat God gesê het." (Gen. 3:1)

Dan word ongeloof aangewakker:

"Julle sal nie sterwe nie" (Gen. 3:4)

Dan word hoogmoed aangeblaas:

"Julle sal soos God wees." (Gen. 3:5)

Begeerlikheid neem dan oor en dit word 'n lus vir die oë.

"En albei het geëet (Gen. 3:6)

'n Ontsettende verlies het gevolg. Hulle onskuld was dadelik weg.

Die mens het die beeldskap van God, waarna hy geskape is, verloor.

Daarom sê Paulus dat ons weer vernuwe moet word met die nuwe mens wat na God geskape is. (Ef. 4:23 en 24).

Die mens het nou slaaf van die sonde geword en sodoende sy vrye wil volkome verloor. Hy kan nou "niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie." (Joh. 3 :27).

Wie durf nog roem op sogenaamde eie geloofsprestasies terwyl Christus sê:

"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie."
(Joh. 6:44).

En verder:

"Sonder My kan julle niks doen nie." (Joh. 15:5).

Die mens se moedswillige ongehoorsaamheid is oorsaak van die sondeval. God is wel die Wreker van die sonde, maar in Jesus Christus — ons Verlosser, is God ons Genadige Vader.

Ds. Sarel Cilliers

Kyk hoe onskuldig...!?

Ps. 51:7:

"Ek was al skuldig toe ek gebore is."

"Kyk hoe onskuldig lê hy daar," sê die trotse moeder van haar Maand-oue babatjie in sy wiegie.

Dalk het u dit ookal gehoor uit die mond van 'n mamma wat haar eersteling vir u gewys het.

"Kyk hoe onskuldig"

Met hierdie woorde wil sy te kenne gee — baie mense sê dit ook — dat daardie pasgebore kindjie nog nie kwaad (sonde) kon doen nie.

As so 'n pasgebore kindjie se sterwe kom, dan is mense seker hy is salig, hy gaan hemel toe op sterkte van die feit dat — só is hulle opvatting — hy nog nie kon sondig nie.

Daar is niks sover van die waarheid as om te reken dat iemand sonder sonde gebore word nie.

ERFSONDE

Die Woord van God leer ons dat *alle* mense sonde doen.

Rom. 3:10: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie."

Hierdie sonde noem ons die *werklike sonde* wat 'n mens doen. Maar dan is daar ook iets soos die *erfsonde*.

Erfsonde is die sonde wat jou aankleef nog voordat jy gebore is. Erfsonde erf jy van jou ouers, en hulle van hulle ouers, en uiteindelik erf ons almal ons sondes van ons eerste voorouers Adam en Eva.

Deur die ongehoorsaamheid van Adam en Eva in die paradys het die erfsonde uitgebrei oor die *ganse menslike geslag*.

SONDIGE NATUUR

Die boontjie rank. Die klein kalfie soek sy ma se spene vir melk. Die Piet-my-vrou lê haar eiertjies in 'n ander voëltjie se nessesie. Omdat dit hulle natuur is, maak hulle só.

Elke mens se natuur is om te sondig! Hy word só gebore!

'n Mens sien dit pragtig geïllustreer as daardie nimlike bloeitjie in die wiegie 'n bietjie groter word. Jy hoef hom nie te leer om stout te wees nie, hy is dit van nature. Job. 24:4 "Hoe kan iemand wat uit 'n vrou gebore is, onskuldig wees?"

VERLOS

Alle mense oor alle eeue het dit gemeenskaplik dat hulle sondig is. En:

Die loop van die sonde is die dood (Rom. 6:23).

As 'n mens dus aan homself oorgelaat word, gaan hy die ewige verdoemenis in.

Maar nou is God ons só genadig dat Hy aan ons een Mens gestuur het wat sonder sonde is, nl. ons Here Jesus Christus. Christus is nie vasgevang in die greep van die erfsonde nie.

Hebr. 4:15:

"Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie."

Toe Christus aan die kruis gesterf het, het Hy die skuldbrief waarop ons sondes aangeteken is, saam met Hom daar laat vasspyker. Dié wat waarlik in Hom glo, se sondes is afgewas — in so 'n mate dat God daar nie weer aan dink nie.

Hy verwyder ons sondes van ons — op grond van Christus se versoeningswerk? — so ver as wat die ooste verwyder is van die weste af. (Ps. 103).

- Wanneer jy in Hom glo dan sien God jou aan asof jy nooit sonde gedoen of gehad het nie.
- Wanneer jy in Hom glo soos een wat geen erfsonde het nie, dan word ook jou erfsonde afgewas.

Ps. 139:8 (Berymd):

"U het, daar niks u blik weerhou,
my ongevormde klomp aanskou.
U wysheid, HEER, Wat nimmer faal,
het my geboortestand bepaal;
voor iets van my't begin te lewe,
was alles in u boek geskrywe.

Ds. A. H. Grové